5 Junie 2022

Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

Psalm 104:24-35

Pinkstersondag

wat wil jy vandag **bereik?**

God is groot! Die Gees gee lewe!

ons **storie:** waar is ons nou?)

Wat is die grootste troeteldier wat jy al gehad het?

Vir watter dier is jy die bangste? Hoekom?

Was jy al by vriende of familie met 'n gevaarlike hond? Hoe verskil dit wanneer die eienaars teenwoordig is, teenoor wanneer die hond alleen is?

Watter dinge in die wêreld maak jou tans die bangste? Hoe sal dit voel om nie meer vrees te hê nie?

GOD se **storie**

wat sê die Bybel (daar en dan)

Lees **Psalm 104:24-35** saam as 'n groep of familie. Kyk dan die Oupa Abie video wat gaan oor die teksgedeelte

Nous volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

1. Ons eie storie

Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.

2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daaroor. Vrae oor die teks word gevra.

3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Laat elke kind 'n mooi natuurtoneel teken. Hulle kan ook kies om 'n dier te teken wat hulle laat dink aan God se grootheid.

Julle kan ook saam as 'n groep een groot "collage" maak. Bring 'n gedrukte inkleurprent saam. Gebruik skeursels uit tydskrifte om dit in die prent te plak en dit so in te kleur.



gesels dan oor die volgende saam

- Wat het jy by Oupa Abie geleer oor die gedeelte?
- Mense was baie bang vir die idee van ’n seemonster, soos die “Leviatan”. Hoekom sê Psalm 104 die Leviatan is soos God se troeteldier?
- Die Leviatan laat mens eintlik dink aan enige gevaarlike bedreiging wat groter is as jy. Wat beteken dit dat alle gevare eintlik maar klein is in God se hand?
- Psalm 104 vertel ons van God se Gees en God se asem wat lewe skenk aan alles in die wonderlike natuur. Hoekom, dink jy, lees ons dit op Pinkstersondag?

ons nuwe **storie** (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

God se Gees is in jou. Ons vier dit op Pinkstersondag. En hierdie God is baie groter as die grootste gevaar waaraan jy kan dink. Hoe laat dit jou voel?

Watter verskil maak dit om te dink aan God se Gees wat in ons is? Hoe kyk ons anders na onsself, mekaar en die natuur?

na die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Bid dat julle vanuit die krag van die Heilige Gees sal leef.

Bid dat mense God se Gees sal sien werk op aarde. Dit sluit die skepping (natuur) in.

Bid dat God se kerk saam ’n mooi getuienis sal uitleef..